e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

27 Oktober 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 36

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Gee die geloof aan mekaar – deur die kerklied

Eerskomende Sondag herdenk ons weer die Kerkhervorming. Dit was 'n beweging om die kerk terug te bring na die wesenlike van geloof en kerkwees.

Die Kerkhervormers, veral Luther, wou lidmate weer betrokke kry en laat deelneem aan die erediens – lidmate wat oor die jare passief geword het in die erediens van die Roomse Kerk (die Mis). Luther sorg dat daar dadelik liedere in die volkstaal kom wat deur die volle gemeente gesing kan word.

Deur die lied leer mense die beginsels van die geloof en verkondig self die Woord van God. Deur die lied gee mense die geloof aan ander aan. Die mense van die Hervorming het nie geskrik vir stewige liedere wat die *volheid* van die geloof gedra het nie, inteendeel – hulle wou aktief wees en só die geloof met ander deel. Hulle wou graag sing en só ook self deelneem in die erediens. Hulle wou hul gawes gebruik om ander aan die geloof bloot te stel. Deur sang het die boodskap van die Hervorming vinnig versprei.

Die meeste van ons besef hoe sterk musiek kan werk om die evangelie uit te dra. Ons raak opgewonde as ons oor musiek in die kerk praat. Omdat dit is vir ons belangrik is, verskil ons ook van mekaar. Mense se smaak verskil en mense se menings oor musiek verskil. Die Kerkhervormers het egter sekere beginsels gestel wat méér is as die smaak en voorkeur van individue.

In die kerklied gaan dit in die eerste plek om die Woord van God wat verkondig word en ook aan kinders geleer word. As die woorde so oppervlakkig raak dat die diepte van die geloof nie daardeur gedra word nie, en die musiek so dun is dat dit net mense se gevoelens streel, het ons van die beginsels vir 'n Reformatoriese kerk wegbeweeg. As ons net dit wil sing wat maklik is en wat ons reeds ken, is ons ver van die nuwe gemeentes wat in die Hervorming tot stand gekom het – en waar alle liedere nuut aangeleer moes word! As ons eerder wil terugsit en passief na 'voorsangers' en CD's wil luister, is ons terug by die tyd vóór die Hervorming toe die mense na die mooi musiek van die kore geluister het, maar self niks gedoen het om met hul eie stemme en gawes die evangelie uit te dra nie.

Die kerklied is deel van ons belydenis en moet met respek hanteer word. Dit word egter dikwels misbruik. Hoe slordiger 'n preek of erediens, hoe meer oppervlakkig die liedere. Waarom herdenk ons die Hervorming nog elke jaar? Om elke jaar weer te vra of daar nie dinge is wat skeef loop in ons eredienste nie; of ons self nie net wil terugsit en gestreel wil word met 'n 'maklike' geloof nie. Die vraag is: Werk ons *elkeen* nog aktief om ook deur die lied die geloof in sy *volle omvang en grootsheid* na ander uit te dra?

Dr Elsabé Kloppers

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Dr Wouter van Wyk Ds Annelie Botha

- **Dr Wouter van Wyk** van SENTIK is weer op kantoor nadat hy in die hospitaal en tuis herstel het. Hy het infeksie opgedoen na 'n val met sy fiets. Ons vertrou dat hy nie verder las van die besering sal hê nie.

- **Ds Edzard van Baalen** van Gemeente Parkrand **se vrou, Madeleine,** is in die hospitaal opgeneem na 'n ligte beroerte-aanval. Die Kerk se voorbidding word vir die gesin gevra.

- **Ds Annelie Botha** van Gemeente Mafeking vertrek op 14 November na Engeland waar sy vir vier weke navorsing sal doen vir haar doktorale studies. Die gemeente wens haar 'n veilige reis, die Here se genade en sukses toe.

- Die **Raad vir SENTIK** het op 24 Oktober vir die laaste keer vanjaar vergader. Van 2012 af sal dr Christo van der Merwe in sy hoedanigheid as hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, dr Wim Dreyer as verteenwoordiger van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), mnr Elmar Struwig as administrateur, en 'n nuwe redakteur van *Die Hervormer* lede van die Raad wees. Dr Gerhard Lindeque, sedert die begin van 2009 redakteur van *Die Hervormer*, is tydens die 69ste AKV verkies as sekundus vir die skriba; hy vul nou die vakature in die Kommissie wat ontstaan het met die bedanking van dr Malan Storm.

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 November**, en word hartlik geluk gewens.
  - Donderdag 27 Oktober: Di Kathleen Smith (Kaapstad) en Pieter Smith (Witrivier)
  - Vrydag 28 Oktober: Ds Colin Hertzog (Middelburg-Noord)
  - Saterdag 29 Oktober: Ds Freek van der Merwe (emeritus)
  - Sondag 30 Oktober: Di Anet Dreyer-Krüger (Rustenburg-Suid), Wilhelm Steyn (emeritus) en Werner Venter (Schoemansdal)
  - Dinsdag 1 November: Ds Roelf Coertze (emeritus)
  - Woensdag 2 November: Ds Naas Lombard (Suidoos-Witbank)
  - Donderdag 3 November: Di Petrus Harmzen (Gerdau/Hartbeesfontein) en Hennie Retief (beroepafwagtend)
  - Vrydag 4 November: Di Gerhard Kruger (Zwartruggens) en Gerhard Viviers (Laeveld)

- Die **volgende vergaderings** vind tot 4 November plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Vrydag 28 Oktober: Raad van Finansies
  - Dinsdag 1 November: Direksie van Die Ondersteuningsraad
  - Woensdag 2 November: Direksie van die Kinderhuise
  - Vrydag 4 November: Predikantepensioenfonds
Personeelpensioenfonds

- Die **Bybelgenootskap** van Suid-Afrika se finansiële boekjaar sluit op 31 Oktober. Gemeentes word versoek om hul **jaarlikse bydraes** aan die Bybelgenootskap teen **Vrydag 28 Oktober** oor te betaal sodat dit betyds ontvang kan word vir insluiting in volgende jaar se verslae aan die ringsvergaderings. Die deurkollektes van Hervormingsondag (30 Oktober) moet eers in November oorbetaal word as die eerste bydraes vir die 2012 boekjaar van die Bybelgenootskap.

  Aangesien daar op 1 November 2011 'n herindeling van die Hervormde Kerk se twee streke by die Bybelgenootskap plaasvind, moet die bydraes van **alle gemeentes in die RSA** vanaf dié datum by die Kempton Park Administratiewe Sentrum van die Bybelgenootskap inbetaal word. Bydraes moet verkieslik elektronies oorbetaal word. Die bankbesonderhede is soos volg:

Bybelgenootskap van SA
ABSA Kempton Park
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 260 220 748

Gemeentes moet hul **donateursnommer** as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Posbus 2002, Kempton Park 1620.

Dr Kálmán Papp kan by 011 970 4010 of 083 703 3773 geskakel word indien daar enige navrae is.

- **Gemeente Pietermaritzburg** benodig predikante om een of meer **eredienste** te lei **tot die einde van die jaar**. Kontak ds Frans Ras by **fhras@worldonline.co.za** of 082 416 3922, of Ilze Vorster by **nhkpmb@gmail.com** of 082 302 2569.

- **Gemeente Magaliesmoot** benodig die dienste van **'n orrelis** wat die begeleiding tydens oggenddienste kan waarneem. Diensaanvaarding 1 Desember 2011. Die gemeente is geleë tussen Pretoria en die Hartbeespoortdam. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789.

- Teken voor die einde van November per SMS in op *Konteks*, en **wen 'n gratis webblad** vir die gemeente! Die gemeente wat die meeste SMS-intekeninge vir *Konteks* 2012 stuur, wen 'n gratis webbladontwerp van Delitech IT solutions (**www.delitech.co.za**). *Konteks* kos in 2012 R140 vir 10 uitgawes, en intekenaars se volkleurtydskrifte word maandeliks na die gemeente-adres gepos. Teken in deur 'n SMS met die volgende formaat na 45633 te stuur: "NHK Gemeentenaam Intekenaar" (bv NHK Philadelphia GJ du Toit). Let daarop dat elke SMS met NHK (*in hoofletters*) móét begin. Elke SMS kos R1,50. Die gemeente wat die gratis webblad wen, sal aan die begin van Desember in die laaste *e-Hervormer* van vanjaar aangekondig word.

- Die **Kerkkalender vir 2012** is reeds aan gemeentes gestuur sodat hulle die gemeentelike kalender daarby kan integreer. Vind die Kalender by **www.nhk.co.za** → Nuus en gebeure → Kalender.

- **NHSV beurse en lenings 2012.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan aangevra word van 012 325 0117 of **nhsvadmin@nhk.co.za**. Besoek ook die webwerf **www.nhsv.co.za**. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2011**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.** Kontak die NHSV kantoor vir meer inligting.

- **Beurs beskikbaar vir Hervormde student.** 'n Lidmaat van Gemeente Potchefstroom Die Wilge wil graag 'n (behoeftige) student help. Die beurs behels studiegelde, inskrywingsfooie en verblyf; die student is verantwoordelik vir sakgeld, aankoop van boeke, vervoer, klerasie, persoonlike benodigdhede, kos, ensovoorts.

  Universiteit: Noordwes-Universiteit (Pukke).
  Rigting: LLB-studente sal voorkeur geniet.
  Vereistes: Dissipline en prestasie (die beurs verval met die eerste druipvak).
  Aansoeke en navrae aan ds Jaap Steenkamp by **jaapsteenkamp@nhk.co.za**; dit moet vergesel wees van die laaste twee jaar se skoolrapporte/puntestate, 'n CV, 'n motivering, en 'n getuigskrif van 'n leraar of begeleidende brief van die kerkraad.

- **Ds Larry van der Walt** is besig met ’n **produksie** wat die gebeure rondom die geboorte van Jesus vertel vanuit die oë van die mense rondom Hom. Die produksie is veral gemik op die verwagting van die Messias (Advent), en die verhaal word vertel deur middel van musiek, drama en ander media. Dit vorm ook deel van ’n groter produksiereeks wat handel oor die lewe van Jesus en wat sal saamloop met die liturgiese jaar. Die produksie sal op die planke wees van **20 tot 27 November 2011**. Ds Larry benodig akteurs in die Pretoria-omgewing wat kan sing. Daar moet ook koste aangegaan word vir kostuums, stelopset, rekwisiete, toerusting en reis. Enigeen wat op enige manier by die produksie betrokke wil raak, kan ds Larry kontak by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**.

- **Eerstejaarskampe 2012**

  - **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 10 tot Vrydag 13 Januarie**
    R800 per persoon, verblyf, etes en ’n T-hemp ingesluit
    Kontak dr Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**
    of Terzie Denton by 082 475 4618 of Marle Geel by 082 861 2799

  - **Stellenbosch Hervormers Aanvangskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Dinsdag 24 Januarie
    Kom by kerk byeen vanaf 12:00 en vertrek 13:00 na kampterrein
    Besonderhede sal gestuur word
    Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za**

  - **Philadelphia Tuks Eerstejaarskamp 2012**
    Saterdag 21 Januarie tot Woensdag 25 Januarie
    Kampterrein naby Brits
    Van boeresport en nagmars tot hindernisbane en laataandsokkie
    Sluit aan by groep op Facebook “TUKS NHK Philadelphia EJK 2012”
    Registreer by **www.philadelphia.co.za**
    Op registrasievorm is al die nodige inligting
    Bring ’n vriend of vriendin na die kamp en kry R50 afslag
    Kontak Aniena (bemarker) by 082 293 9755,
    Timo (kampbestuurder) by 083 426 3599,
    ds Martin Slabbert by 082 655 4787
    of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866

  - **Bloemfontein Kougom Eerstejaarskamp**
    Sondag 8 tot Donderdag 12 Januarie
    R660 per persoon
    Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
    of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527

Konserte en feeste

- **Vrydag 28 Oktober en Vrydag 4 November: Gemeente Richardsbaai**
  Toneel: *As ons twee eers getroud is...*
  Kerkgebou, hv Krewelkring en Moorish Idol, Meerensee
  28 Oktober R100 per persoon
  4 November R1 200 per tafel – 10 persone per tafel (vir besighede)
  Kontak Veronica Coetzer by 072 130 8608 of 035 753 4860

- **Sondag 30 Oktober 17:00: Gemeente Wesmoot: Saamsingfees**
  Saam met Hendrik en Marinda
  Kerkgebou, hv Hjalmer- en Attiestraat, Booysens
  Toegang gratis
  Navrae aan ds Fanie Beukes by 012 377 3736 of **faniebeukes@yahoo.com**

- **Sondag 6 November 19:00: Gemeente Bronkhorstspruit: Sangaand Kersliedere by Kerslig**
  Kom sing saam met ons oor die koms van Jesus,
  die ware Vredevors en Verlosser
  Navrae by 013 932 2929

- **Vrydag 11 November tot Sondag 13 November**
  Gemeente Wonderboom-Suid
  10de Laan
  Tema van bejaardesorg – naweek soos aan begin van vorige eeu
  Vrydag: Tradisionele kermis vanaf 16:30
  Saterdag: Trek laer, aand voorbereidingsdiens, belydenis van geloof en gemeentevergadering
  Sondag: Nagmaal, dankseggingsdiens, doop en ete
  Trek tradisioneel aan (dames met hoede, kerkraad met strikdasse, ens)
  Navrae aan voorsitter van Goud en Silwer Bedieningsgroep,
  Valie Viljoen (012 331 0797)

- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir 'n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647

Allen organs®

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 12 November: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Karp-hengelkompetisie
  Vlooikopdam
  R100 per hengelaar met 2 stokke
  Kaartjies te koop vanaf 04:00, hekke oop sodra dit lig word
  Inweeg 16:00
  1ste prys slagos; 2de prys R1 000; baie ander pryse
  Navrae aan Frans le Roux (082 892 1325)

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fonteinedal Lenteloop: Saterdag 29 Oktober**
  Hekke open 06:00 en ons begin 07:00 stap
  Bring jou man, kind, vriende en beste vriend aan 'n leiband saam
  Kaartjies: 5km R20 en 10km R25
  Prystrekking met kontantpryse
  Te koop: vetkoek en maalvleis; pannekoek; koffie, tee en koeldrank
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244
  of Estelle Bezuidenhoudt by 072 882 9922

Basaars en markte

- **Gemeente Leeudoringstad sê dankie!**
  Dankie vir almal se positiewe gesindheid en hulp met Doringfees
  Kompetisiewenners:
  1ste prys – R5 000 kontant, indien teenwoordig met basaar R10 000: Mary Pieterse van Leeudoringstad (NG lidmaat) (ongelukkig nie teenwoordig vir R10 000 prysgeld nie!)
  2de prys – 2 slagskape (opgesny en verpak): José Cafeteiro van Bothaville
  3de prys – R1 000 vleisbewys: Tienie Oosthuizen van Stilfontein

Troosprys (1): George Roux van Kempton Park
Troosprys (2): Dries Duvenhage van Ogies
Sien julle in 2012 weer in Leeudoringstad...

- **Saterdag 29 Oktober: Gemeente Montana: Bokkefees**
  hv Jan Bantjies- en Azanzastraat, Montana
  Vanaf 08:00
  7de Laan akteurs, verskeie sangers
  Boogskiet vir volwassenes en kinders, SAJWV Jagboogtabel
  Kom verbeter jou telling en kuier saam met jou gesin
  Perderitte, speletjies, windgeweerskiet
  Wildsgeregte, biltong, gebak, vleis en wors, pannekoek, groente, afval en pap en baie meer
  Kontak Susan of Koos by die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753

- **Saterdag 29 Oktober: Gemeente Vryburg: Stellaland Republiekvleisfees**
  11:00 tot laat!
  hv Livingstone- en Van Niekerkstraat, Vryburg
  Tradisionele disse soos afval en skaapkop
  Volop vleis, skape op veiling, ’n ton boerewors
  Kontak ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555

- **Saterdag 29 Oktober: Gemeente Kruin: Lekker Karnaval**
  hv Steinmann- en CR Swart-straat, Wilropark, Roodepoort
  Al die tradisionele basaarlekkernye
  Met groot **POTJIEKOSKOMPETISIE**
  Almal welkom
  Navrae aan Poppie J van Vuuren
  011 768 6831 (08:00 tot 13:00) of 083 293 2718

- **Vrydag 4 November: Gemeente Noordwestelike Pretoria: Varkmark**
  Kaartjies R90 per persoon – sluit in ete en vertoning deur Manie Jackson
  Varkvleisprodukte soos ribbetjies, eisbein, *gammon*, gerookte ham, ens
  Heel varke ook beskikbaar
  Skakel 083 781 2955 vir kaartjies, aankope of inligting

- **Saterdag 5 November: Gemeente Koster: Kersmark**
  09:00 tot 14:00
  hv Sauer-, Union- en Merrimanstraat
  Verskeie handgemaakte produkte en gebak
  Teetuin
  Kontak Paula by 082 585 7487 of Grieta by 082 945 2828

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot: Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239

- **Saterdag 28 Januarie 2012: Gemeente Nelspruit**
  Maroelafees en Buitelewe-ekspo
  Beplan nou reeds!
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop

Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad in Pretoria** reël twee **Kersfunksies** vir hul **behoeftige bejaardes** en **behoeftige kinders** tussen 1 en 11 jaar. Enige persoon wat 'n bydrae wil maak, kan Esta Stieler kontak by 012 325 2320 / 1 / 2 / 3 / 4.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURE**
  Ring van Rustenburg
  Kerklik-Maatskaplike Werker
  Halfdagpos beskikbaar in Rustenburg
  Vir lewering van pleegsorgtoesigdienste by Diakonale Pleegsorghuis asook dienslewering aan lidmate van die Hervormde Kerk

  Ononderhandelbare vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, geldige bestuurslisensie, ervaring in statutêre werk, en vereenselwiging met etos van die Hervormde Kerk. Salaris bepaal deur jare ervaring.

  Aansoeke aan mev Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of faks 012 322 5787

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: ANDER VAKATURES**
  - Programbestuurder (halfdagpos): Minimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring 'n aanwins; Rustenburg/ Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers: Tarlton, Krugersdorp, Pretoria en Brakpan (2)
  - Maatskaplike Hulpwerkers: Klerksdorp en Brakpan

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Beurse** vir opleiding as **onderwysers**, en vir gekwalifiseerde onderwysers vir verdere opleiding in 2012. Prospektus en aansoekvorms beskikbaar by die Sekretaris, Dokkies Opvoedkundige Trust, Privaatsak X01, Umbilo 4075. Stuur 'n faks na 031 261 9000 en verskaf 'n e-posadres. **Onthou: Aansoeke vir 2012 sluit op 30 Oktober 2011!** Besoek **www.dokkiestrust.za.org**.

- Teologiestudente en jong predikante kan 'n opleidingsgeleentheid van **8 Junie tot 1 Julie 2012** by die Global Institute of Theology in **Indonesië** bywoon. Die opleiding vind plaas by wyse van lesings, seminare, blootstelling, kultuurervaring en deelname aan die lewe van die kerke in Indonesië. Die verskillende modules word in Engels aangebied en sluit die volgende in:

  Kernkursusse: spiritualiteit en aanbidding; uitleef van Gereformeerde teologie en identiteit; etiek en praktyk
  Keusevakke: armoede en rykdom; teologie van skepping en katastrofe; Gereformeerde teologie en die inter-godsdienstige lewe; sending en jeugwerk

  Navrae aan: Christopher Dorn, Intern, Office of Theology and Communion, World Communion of Reformed Churches, 150 Route de Ferney, POB2100, 2 Geneva 1211, **csd@wcrc.ch**.

- Ondersteun **Beeld-Kinderfonds,** maak 'n donasie van **R25 of meer**, en wen dalk

een van 3 groot pryse: ’n Peugeot 207; ’n luukse skeepsreis vir 2 persone na Madagaskar en Réunion; of 7 nagte in ’n villa in Mosambiek. Die kompetisie sluit op **6 November**. SMS **PEUGEOT** na **32541** teen R25 per SMS. Meer as 10 000 kinders word jaarliks gehelp met die fondse. Bydraes aan Beeld-Kinderfonds is belastingaftrekbaar!

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R114 per plasing**. *(Die prys styg in Januarie – adverteer dus nou!)*

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek is bly en dankbaar dat dr Christo van der Merwe aangewys is as die opvolger van prof Theuns Dreyer by die Hervormde Teologiese Kollege. Hy is nie net goed toegerus in die Praktiese Teologie nie, maar het deeglike kennis van die kerklike praktyk. As predikant is sy optrede altyd gekenmerk deur besondere onderskeidingsvermoë om raak te sien waarom dit werklik gaan. Sy voorbeeld en veral sy besondere empatie met mense in nood het elkeen aangespreek met wie hy te doen gehad het. Ons is seker hy sal goed kan voortbou op die voortreflike werk wat prof Dreyer gedoen het.”

Prof Bieks Beukes

“Nadat ons vir twee dae die hartseer van politiek in die Kerk moes beleef, is die belangrikste kommentaar deur ds Danie van der Watt gelewer. Dit kan as ’n teregwysing of profetiese woord aan die Kerk gesien word. Sy opmerking was hoe wonderlik dit sou wees as ons vir twee dae met soveel passie oor jeug- en gesinsbediening kon praat. Watter impak sou die Kerk in ’n stukkende en verlore wêreld kon maak as ons fokus op ons opdrag sou wees om die blye boodskap te verkondig en verlore mense na Jesus te lei? Mag dit nie ongesiens verbygaan nie.”

Oudl Freek Nieuwoudt, Vanderbijlpark-Suid

(Die voorsitter, dr Daan van Wyk jr, het tydens die vergadering versoek dat ds Van der Watt se boodskap op skrif gestel word. Ons plaas dit graag vandag hier op die agterblad van die *e-Hervormer* – Redaksie)

AGTERBLAD

Só het *Konteks* op die binne-agterblad van die November/Desember 2011-uitgawe gestalte gegee aan ds Danie van der Watt en ander predikante se boodskap aan die kinders van ons Kerk.

Gemeentes se bestellings vir *Konteks*, *Die Hervormer* en die *Almanak/Bybelse Dagboek* moet verkieslik teen 31 Oktober ontvang word.

Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx